

FOLPAN[®] 500 SC

Reg. no. L4662 Act/Wet 36 of/van 1947
N-AR 0505

READ THE LABEL BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS

GROUP	M04	FUNGICIDE
-------	-----	-----------

<p>A suspension concentrate organic-based fungicide for the preventive control of anthracnose, downy mildew, dead-arm disease and <i>Botrytis</i> rot in wine grapes, dead-arm disease, anthracnose and downy mildew pre-blossom in table grapes as well as late and early blight in potatoes and tomatoes.</p>	<p>'n Suspensiekonsentraat organies-gebaseerde swamdoder vir die voorkomende beheer van antraknose, donsige skimmel, streepvleksierte en <i>Botrytis</i>-vrot in wyndruiwe, streepvleksierte, antraknose en donsige skimmel voor blom in tafeldruiwe, asook laat- en vroeëroes in aartappels en tamaties.</p>
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

 <p>WARNING</p>	<p>Hazard statements May cause and allergic skin reaction. Suspected of causing cancer. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.</p> <p>Precautionary statements Wear protective gloves; protective clothing; eye protection and face protection. Avoid release to the environment.</p>
----------------------------------------------------------------------------------------------------------	----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDEEL

folpet (phthalimide) 500 g/L folpet (ptalimied)

NET VOLUME/NETTO VOLUME

..... L

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

ADAMA South Africa (Pty) Ltd; Reg. no. 1992/001741/07
Ground Floor, Simeka House
The Vineyard Office Estate, 99 Jip de Jager Drive
Belville, 7530
T: +27 21 982 1460, infocpt@adama.com

UN no.: 3082

EMERGENCY NUMBERS:

Griffon Poison Information Centre: +27 82 446 8946
Tygerberg Poison Information Centre: +27 861 555 777

Batch number	Lotnommer
Date of manufacture	Datum van vervaardiging
Expiry date	Vervaldatum

WARNINGS

- May cause and allergic skin reaction.
- Suspected of causing cancer.
- Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

Withholding periods (minimum number of days between last application and harvest):

Tomatoes	3 days
Table grapes	not later than pre-blossom
Wine grapes	14 days

- May be irritating to the eyes for some individuals.
- Store in a cool place away from food and feed.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to humans or animals or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Keep out of reach of children.
- Obtain, read and follow all safety instructions before reuse.
- Avoid breathing dust/fume/gas/mist/vapors or spray.
- Wear protective gloves, protective clothing, and eye and face protection.
- Avoid release to the environment.
- If exposed or concerned get medical advice.
- IF ON SKIN: Wash with plenty of water and soap.
- If skin irritation or rash occurs get medical help.
- Specific treatment (see supplemental first aid instructions on this label).
- Contaminated work clothing should not be allowed out of the workplace.
- Take of contaminated clothing and wash it before reuse.

- Store locked up.
- Collect spillage.
- Dispose of contents/ container to an approved waste disposal plant.

- Do not eat, drink or smoke whilst handling this product or before hands and face are washed.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
- Invert the empty container over the spray or mixing tank and drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to dripping. Thereafter rinse the empty container *three times* in succession with one quarter of the container volume fresh water and decant the rinsate into the spray or mixing tank. Puncture the triple rinsed container and dispose of via an approved collector or recycler (www.croplife.co.za).
- Do not bury, burn or donate the container to any other parties that may use it as a container for food or beverages.
- Whilst spraying avoid contact with the spray as much as you can.
- Avoid spray drift onto other crops, grazing, rivers or dams.
- Clean applicator thoroughly after use and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers or dams.

RELEVANT SUBSTANCES

Chemical name	w/w %	CAS no.
Folpet	30 – 60%	133-07-3
Alkyl-naphthalenesulfonic acid, polymer with formaldehyde, sodium salt	<10%	68425-94-5
Fumaric acid	<10%	110-17-8

FIRST AID

In case of accident or unwellness, seek medical advice immediately. Provide this label and the SDS to medical personnel for treatment. Emergency personnel should wear protective clothing appropriate to the type and degree of contamination.

Immediately remove contaminated clothing and remove the affected person from the contamination area. Keep the person warm, calm and covered up. First Aid personnel should pay attention to their own safety.

Take the container label or product name with you when seeking medical attention.

Eye contact: Immediately flush with plenty of water. After initial flushing, remove any contact lenses and continue flushing for at least 15 minutes. Keep eye wide open while rinsing. Get medical attention immediately if symptoms occur.

Skin contact: Remove all contaminated clothing and shoes. Rinse the skin immediately with plenty of water for 15 to 20 minutes under the safety shower. Consult a physician if necessary.

Inhalation: Immediately remove the affected victim from exposure to an area with fresh air. If breathing is difficult have qualified personnel administer oxygen. If breathing has stopped, administer



artificial respiration. Do not use mouth-to-mouth resuscitation if victim ingested or inhaled the substance; induce artificial respiration with the aid of a pocket mask equipped with a one-way valve or other proper respiratory medical device. Call a physician.

Ingestion: Call a poison control center or medical practitioner immediately for treatment advice. If conscious, rinse mouth thoroughly with water. Drink plenty of water. Never give anything by mouth to an unconscious or convulsing person. If spontaneous vomiting occurs, have victim lean forward with head down to avoid breathing in of vomit, rinse mouth and administer more water. If symptoms persist, call a physician.

TOXICOLOGICAL INFORMATION

Antidotes

None known. Treat symptomatically.

Symptoms of human poisoning

None known.

NOTICE TO THE USER: This agricultural remedy is to be used only in according to the directions of this label. It is an offense under the Act to use this product inconsistent with the directions on the label.

RESISTANCE WARNING

For the purpose of resistance management, **FOLPAN® 500 SC** is classified as a FRAC group code M04 fungicides. Any fungus population may contain individuals naturally resistant to **FOLPAN® 500 SC** and other group code M04 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungus population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **FOLPAN® 500 SC** or any other group code M04 fungicide.

To delay fungicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank-mix with products from different fungicide group codes.
- For tank mixing or alternation with products in other fungicide group codes, refer to applicable individual product labels.
- Integrate the control methods (chemical, cultural, biological) into fungicide control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this products.

The registration holder will not accept liability for performance failures in the event of a build-up of resistant fungi resulting from inadequate resistance management practices as indicated on the label.

MODE OF ACTION

M04: Multi-site contact activity fungicide.

DIRECTIONS OF USE

Use only as indicated.

Compatibility

FOLPAN® 500 SC can be applied in a tank-mix with most of the commonly used insecticides and fungicides with the exception of Lime, Lime Sulphur and Bordeaux mixture. It should also not be applied with any other *Botrytis* remedy in wine and table grapes.

APPLICATION

Apply as a preventive application and ensure thorough coverage of both upper and lower leaf surface.

APPLICATION RATES

CROP AND TARGET	DOSAGE	REMARKS
Potatoes Late blight (<i>Phytophthora infestans</i>) Early blight (<i>Alternaria solani</i>)	2 L/ha	Preventive treatment: Apply from emergence at 7- to 10-day intervals in not less than 500 L water/ha in the pre-blossom stage and 1000 L/ha in the post-blossom stage. For the control of early and late blight, particularly after flowering, it is important to obtain thorough coverage. A suitable wetter can be used in the spray mixture.
Table grapes Dead-arm disease, anthracnose, downy mildew	200 ml/100 L water	Recommended only until pre-blossom stage. Apply first spray at bud swell stage. Repeat at 7- to 10-day intervals depending on weather conditions.
Tomatoes Late blight (<i>Phytophthora infestans</i>) Early blight (<i>Alternaria solani</i>)	2 L/ha	Apply as a preventive application shortly after transplant and before symptoms of the disease appear. Depending on plant size, apply in 300–1500 L water/ha and ensure thorough coverage of both upper and lower leaf surfaces. Repeat application at 7- to 10-day intervals.



ADAMA

Listen · Learn · Deliver

CROP AND TARGET	DOSAGE	REMARKS
Wine grapes Anthracnose, dead-arm disease and <i>Botrytis</i> rot Downy mildew	200 ml/100 L water 200 ml/100 L water	Start application at bud swell. Repeat weekly when weather conditions promote disease development. Pre-blossom: First application when shoots are 10 cm long. Repeat at 7- to 10-day intervals depending on weather conditions. Blossom to 80% petal drop: Apply only when blossoming period lasts for more than 14 days. Post blossom: Apply twice or more at 7- to 14-day intervals depending on weather conditions.

WAARSKUWINGS

- Mag allergiese velreaksie veroorsaak.
- Vermoede dat dit kanker veroorsaak.
- Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge.

Onthoudingsperiodes (Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes):

Tamaties	3 dae
Tafeldruiwe	nie later as voorblomstadium
Wyndruiwe	14 dae

- Irriterend vir oë vir sekere individue.
- Berg in 'n koel plek en weg van voedsel en voer.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mense of diere of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Hou buite bereik van kinders.
- Verkry, lees en volg alle veiligheidsinstruksies voor gebruik.
- Moet nie poeier/walm/gas/stuifsel/dampe/spuitstof inasem nie.
- Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oogbeskerming en gesigbeskerming.
- Vermyn vrystelling in die omgewing.
- Indien blootgestel of besorg, verkry mediese advies.
- INDIEN OP VEL: Was met baie water en seep.
- Indien velirritasie of uitslag ontstaan kry mediese hulp.
- Spesifieke behandeling (sien inligting op hierdie etiket onder NOODHULPBEHANDELING).
- Trek alle besoedelde klere uit en was dit voor hergebruik.
- Besoedelde werksklere moet nie buite die werksplek toegelaat word nie.
- Berg agter slot en grendel.

- Maak stortsel bymekaar.
- Raak ontslae van inhoud/houer by 'n goedgekeurde afvalverwyderingsaanleg.

- Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom kontaminasie van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei..
- Keer die leë houer oor die spuit of mengtenk om en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeitot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houer drie keer na mekaar met een kwart van die houervolume vars water en giet die spoelwater in die spuittenk of mengtenk oor Kap gate in die drie keer gespoelde houer waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za).
- Moet nie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.
- Vermy kontak met die spuitmengsel tydens toediening.
- Voorkom dat die spuitnewel oorwaai na ander gewasse, weiding, riviere of damme.
- Maak die spuitapparaat deeglik skoon na gebruik en gooi waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.

RELEVANTE STOWWE

Chemiese naam	w/w %	CAS nr.
Folpet	30 – 60%	133-07-3
Alkielnaftielsulfoonsuur met formaldehyd, natriumsout	<10%	68425-94-5
Fumariensuur	<10%	110-17-8

NOODHULPBEHANDELING

Indien blootgestel of besorg, verkry onmiddellik mediese advies. Verskaf hierdie etiket en SDS aan mediese personeel vir behandeling. Mediese personeel moet beskermende klere dra geskik is vir die soort en graad van kontaminasie.

Trek onmiddellik alle besmette klere uit en verwyder die slagoffer uit die besoedelde area. Hou die slagoffer warm, kalm en bedek. Mediese personeel moet oplet na hulle eie veiligheid.

Neem die produkhouer of produknaam saam wanneer mediese hulp verlang word.

Oogkontak: Spoel onmiddellik met groot hoeveelhede water. Na oë aanvanklik gespoel is, verwyder kontakklense indien aanwesig, en hou aan met spoel vir ten minste 15 minute. Hou oog wyd oop terwyl gespoel word. Kry mediese hulp indien simptome voorkom.

Velkontak: Trek alle besoedelde klere en skoene uit. Spoel die vel onmiddellik met groot hoeveelhede water vir 15 tot 20 minute onder die veiligheidstort. Raadpleeg 'n geneesheer indien nodig.

Inaseming: Verwyder die slagoffer onmiddellik uit die area van blootstelling na vars lug. Indien asemhaling moeilik is, moet suurstof deur gekwalifiseerde personeel toegedien word. Indien asemhaling ophou, gee kunsmatige asemhaling. Moenie mond-tot-mond asemhaling toepas indien die slagoffer die produk ingesluk of ingeasem het nie; pas kunsmatige asemhaling toe met behulp van 'n mond-tot-mond respirator of ander toepaslike mediese asemhalingstoerusting. Raadpleeg 'n geneesheer.

Indien ingesluk: Kontak onmiddellik 'n gifstofbeheersentrum of geneesheer vir behandelingsadvies. Indien by volle bewussyn, laat mond deeglik uitspoel met water. Drink baie water. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon of 'n persoon met stuiptrekkings gee nie. Indien spontane braking plaasvind, laat die slagoffer vooroor buig met kop na onder om inaseming van braaksel te verhoed. Spoel mond uit en gee nog water. Indien simptome voortduur, raadpleeg 'n geneesheer.

TOKSIKOLOGIESE INLIGTING

Teenmiddels

Geen teenmiddel bekend nie. Simptomatiese terapie word aanbeveel.

Simptome van menslike vergiftiging

Geen bekend nie.

NOTA AAN DIE GEBRUIKER: Gebruik slegs soos aangedui volgens die gebruiksaanwysings in hierdie etiket. Dit is 'n oortreding van die Wet om hierdie middel te gebruik op 'n wyse wat strydig is met die etikettering daarvan.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir die doel van weerstandsbestuur word **FOLPAN® 500 SC** as 'n groepkode M04 swamdoder geklassifiseer. Enige swampopulasie mag individue bevat wat 'n natuurlike weerstand teen **FOLPAN® 500 SC** en ander groepkode M04 swamdoders het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die swampopulasie domineer as hierdie swamdoders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende swamme mag dalk nie deur **FOLPAN® 500 SC** of ander groepkode M04 swamdoders beheer word nie.

Om swamdoderweerstand te vertraag:

- Vermyn die uitsluitlike herhaalde gebruik van swamdoders van dieselfde swamdodergroep-kode. Wissel af, of gebruik in tenkmengsels met middels van ander swamdodergroepkodes.
- Indien van tenkmengsels gebruik gemaak word of met ander produkte afgewissel word moet na die etikette van die ander individuele produkte verwys word.
- Integreer beheermetodes (chemiese, bewerking, biologies) in swamdoder beheerprogramme.

Vir meer spesifieke inligting rakende weerstandsbestuur, skakel die registrasiehouer van hierdie produk.

Die registrasiehouer sal nie aanspreeklikheid aanvaar vir ondoeltreffende prestasie van die swamdoder in die geval van 'n opbou van weerstandbiedende swamme, as gevolg van onvoldoende weerstandbestuurspraktyke soos aangedui op die etiket nie.

MEGANISME VAN WERKING

M04: Meervoudige-posisie aktiwiteitswamdoder.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

Verenigbaarheid

FOLPAN® 500 SC kan in 'n tenkmengsel toegedien word saam met die meeste insek- en swamdoders wat algemeen gebruik word, met uitsondering van kalk, kalkswael en Bordeaux Mengsel. Dit moet ook nie saam met enige ander *Botrytis*-middel in wyn- en tafeldruiwe toegedien word nie.

TOEDIENING

Dien toe as 'n voorkomende bespuiting en verseker dat die boonste sowel as die onderste blaaroppervlakke deeglik bedek word.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

GEWAS EN TEIKEN	DOSIS	OPMERKINGS
Aartappels Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>) Vroeëroes (<i>Alternaria solani</i>)	2 L/ha	Voorkomende behandeling Dien toe vanaf opkoms met tussenposes van 7- tot 10-dae in nie minder nie as 500 L water/ha in die voor-blomstadium en 1000 L/ha in die na-blomstadium. Vir die beheer van vroeë- en laatroes, veral na blom, is dit belangrik om volledige bedekking te verkry. 'n Geskikte benatter kan by die spuitmengsel gevoeg word.
Tafeldruiwe Streepvleksierte, antraknose en donsige skimmel	200 ml/100 L water	Slegs aanbeveel tot voor-blomstadium. Dien die eerste bespuiting toe by ogieswelstadium en herhaal met 7- tot 10-dae tussenposes afhangende van weerstoestande.
Tamaties Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>) Vroeëroes (<i>Alternaria solani</i>)	2 L/ha	Dien toe as 'n voorkomende bespuiting kort na uitplant en voordat die siektesimptome verskyn. Afhangende van plantgrootte dien toe in 300–1500 L water/ha. Verseker dat die boonste en onderste blaaroppervlakke deeglik bedek word. Herhaal toediening met 7- tot 10-dae tussenposes.



ADAMA

Listen - Learn - Deliver

GEWAS EN TEIKEN	DOSIS	OPMERKINGS
Wyndruiwe Antraknose, streepvleksierte, <i>Botrytis</i> -vrot	200 ml/100 L water	Begin toediening by ogieswel. Herhaal weekliks wanneer weerstoestande gunstig is vir die ontwikkeling van die siekte.
Donsige skimmel	200 ml/100 L water	Voor blom: Dien die eerste bespuiting toe sodra lote 10 cm lank is. Herhaal met 7- tot 10-dae tussenposes afhangende van weerstoestande. Blom tot 80% blomblaarval: Dien slegs toe indien blomtydperk langer as 14 dae duur. Na blom: Dien twee of meer keer toe met 7- tot 14-dae tussenposes afhangende van weerstoestande.